**16 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 118**
**Fokusgedeelte: Psalm 118:22-24**

## God se grootste oorwinning

Ons dink in die hierdie tyd aan God se grootste oorwinning: die opstanding van Jesus Christus uit die dood.

In die Ou Testament sing gelowiges al van God se groot oorwinnings. In Psalm 118 sing die koning en die volk in dankbaarheid van ’n oorwinning oor hulle vyande. Hulle vyande het hulle afgeskryf soos ’n weggooiklip op ’n bouperseel, maar die Here het hulle deur die oorwinning die belangrikste klip in die gebou gemaak.

Toe Jesus met die donkie in Jerusalem ingery het, het die mense Psalm 118:26 aangehaal (Joh 12:13): ”Prys hom wat in die Naam van die Here kom.” Hulle het egter nie regtig besef waaroor dit gaan nie (Luk 19:41, 42). God se eintlike en groot oorwinning word eers duidelik ná die Pinksterfees. Petrus wys die Joodse Raad wie die eintlike klip is wat deur die bouers afgekeur is en die belangrikste klip geword het: die Here Jesus wat opgestaan het! Sy opstandingsdag is “die dag wat die Here gemaak het” (vs 24). Ons vier dit elke eerste dag van die week.

*Sing: Psalm 118:11, 12 (JDdT)*

*Ds. Chris Hattingh (Randburg)*